# REAKSIE OP DIE HERONTPLOOIING VAN PREMIER MOSIUOA LEKOTA EN DIE ONDEMOKRATIESE WYSE VAN AANSTELLING VAN DR. IVY MATSEPE-CASABURRI AS SY OPVOLGER

**Johan Moll**[1]

## DEEL 2: DIE ONDEMOKRATIESE WYSE VAN VERKIESING VAN DR. MATSEPE-CASABURRI

***Abstract***

*In the first part of this article a factual historical analysis is given of the redeployment of the Free State Premier, Patrick Lekota, as a result of the unresolvable faction fights within the ANC, the continuing protest against his transfer and the ongoing "obscurity concerning the objectives of the national leadership" in solving the political debacle. In the second part the background of his successor, Matsepe-Casaburri, is analysed, as well as the undemocratic way in which she was forced into the politics of the Free State, the litigation in respect of Lekota's removal, the commencement of the Casaburri era and how the serious political fiasco contributed to the consideration of the desirability of the fact that the premiership and leadership of the party should be seated in the same person. The undemocratic conduct of the national leaders of the ANC was a foreshadowing of the increasing trend to subordinate the Constitution and the existing provisions concerning the way in which premiers in the provinces is appointed to what the leaders of the ANC have previously aimed at and decided upon. This article is a critical, historical reconstruction of the role of the national leadership of the ANC and the reaction of the Free State community. The white-centric nature of the reporting, especially of the only newspaper in the Free State which followed the political drama closely and documented it, is supplemented as far as possible by perspectives from other, more liberal, ANC media outside the province who are well-disposed towards the party. If communication is about, among other things, shared meaning by individuals, groups or organisations by openly sharing facts and norms by means of the written and the spoken word, this analysis provides a view on how shared meaning was not reached and optimum communication was by far not pursued or achieved.*

**Keywords:** Mosioua Lekota; Ivy Matsepe-Casaburri; Free State premiership; undemocratic procedures; national ANC leadership; constitution.

**Sleutelwoorde:** Mosioua Lekota; Ivy Matsepe-Casaburri; Vrystaatse premierskap; ondemokratiese werkswyse; nasionale ANC-leierskap; grondwet.

1 Emeritusprofessor; Navorsingsgenoot, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. E-pos: molljc@ufs.ac.za

## 1. INLEIDING

In deel 1 van hierdie artikel is die wyse waarop die nasionale leierskap die bestuur van die Vrystaat oorgeneem het, ontleed. In hierdie laaste artikel val die lig op die nasionale ANC-leierskap se nuwe keuse van 'n premier vir die Vrystaat. Dr. Casaburri se agtergrond word geskets, die ondemokratiese wyse van haar aanstelling, asook die gevolge van premier Lekota se verwydering uit die Vrystaat, teen die wil van die meerderheid, wat as 'n "bloedlose rewolusie" bestempel is, litigasie oor die besluit om Lekota te herontplooi, die kwessie of die leier van die party en die premier in die provinsie dieselfde persoon moet wees en ten slotte ook 'n bespreking van die ANC se aanvallende beslistheid om weer met volle krag en sterkte die provinsie te regeer.

## 2. WIE IS CASABURRI?

Tydens die vertoë en demonstrasies op 28 September 1996 ter ondersteuning van Lekota, was die bewoording op sommige van die plakkate: *Casaburri failed SABC squatter camp – how will she manages (sic) a province?* en *Who is Casaburri? A vegetable from SABC* (Nieman 1996c). Daar is dramaties gewaarsku dat die Vrystaat as geheel onregeerbaar gemaak sou word indien Lekota die trekpas sou kry, aldus die provinsiale ondervoorsitter van die Bloemfonteinse United Residents' Front (*Die Volksblad* 1996c). Ten spyte van die antagonisme teen haar, het belangstelling oor wie Casaburri nou eintlik is, nie uitgebly nie. Dit het geblyk dat haar oupagrootjie aan moederskant van Franse Hugenote-afkoms was en sy in 1937 in Seisoville, die swart woonbuurt van Kroonstad, gebore is en daar grootgeword het saam met haar drie susters en twee broers. Haar pa, Dorrington Matsepe, was 'n Sotho met Xhosa en Maleisiese voorouers en haar ma, Violet, 'n kleurling. Die stelsel van apartheid sou in haar lewe familieverskeurdheid, loopbaanbelemmering en selfs landverlating meebring. Die diskriminasie van die apartheidstelsel het meegebring dat twee van haar susters en een van haar broers as bruin, maar die jongste as Tswana, geklassifiseer is, omdat laasgenoemde 'n hoewe in Bophutatswana besit het (Essop en Kok 2009). Net soos Lekota het sy in Marianhill, Natal, gematrikuleer en daar ook Zoeloe en Pedi leer praat. Aan die einde van die vyftigerjare verwerf sy 'n BA-graad aan die Fort Hare Universiteit met Afrikaans-Nederlands as een van haar vakke. Daarna is sy na Swaziland om in die regte te studeer, omdat Suid-Afrikaanse universiteite volgens ras geklassifiseer is, en sy word die eerste swart vrou in Swaziland wat haar prokureursklerkskap voltooi.

Reeds vanaf die sewentigerjare het sy formele bande met die ANC gehad, aktief betrokke geraak in die stryd teen apartheid, sowel as in die veldtog om Nelson Mandela te bevry, en gemoeid geraak met die aktiwiteite van die party

se Vroueliga (*Sunday Times* 2009). Die Suid-Afrikaanse polisie het in die vroeë sewentigerjare vrae oor haar verbintenis met ANC-uitgewekenes in Swaziland begin vra en sy is tydens ’n besoek aan Europa as verbode immigrant verklaar. Sy kon gevolglik nie na Suid-Afrika terugkeer nie en is na Amerika waar sy ’n MA-graad in Sosiologie aan die Rutgers Universiteit behaal het. Daarna onderbreek sy haar doktorale studie om vir die United Nations Institute for Namibië (UNIN) in Lusaka, Zambië, te werk (Nieman 1996).

Sy tree in 1975 in die huwelik met Angelo Casaburri, ’n Italiaans-Amerikaanse wetenskaplike, wat sy in Swaziland ontmoet het. Die Zambiese regering weier om aan hom ’n werkpermit te gee en hy keer na vier jaar na Amerika terug. Ivy, soos sy alom bekend was, volg hom na Amerika en toe haar ouers in 1977 kort na mekaar sterf, keer sy terug na Suid-Afrika vir die begrafnis. Terug in Amerika voltooi sy haar PhD-graad, skei van haar man in 1985 en aanvaar in daardie jaar ’n lektorspos in Zambië. Sy keer met die sluiting van UNIN in 1990 na Suid-Afrika terug en word aangestel as uitvoerende direkteur van die Education Development Trust, ’n nie-regeringsorganisasie en word ook die stigter van die Women’s Development Foundation en ’n direksielid van die Internasionale Forum vir Vroue in Suid-Afrika (Essop en Kok 2009). Later dien sy in die rade van die Westville Universiteit en word die eerste vrou in die raad van die WNNR. In 1993 word sy aangestel in die verantwoordelike posisie van voorsitter van die SAUK-raad (Nieman 1996). As ’n baie privaat persoon, is daar min bekend oor haar persoonlike lewe.

Die algemene opinie onder blanke Vrystaters was dat die SAUK onder haar leiding ’n kreeftegang gegaan het weens swak bestuur en oordeel. Sy is ook gekritiseer vir haar “muddy relationship with industry”, veral oor die liberalisering van die telekommunikasiebedryf. Haar ergste nederlaag was die Hooggeregshof se beslissing ten gunste van Altech en 400 ander operateurs om hulle eie netwerk infrastruktuur daar te stel en sodoende wedywering in die mark aan te vuur (Louw 2009). Maar daar was ook hoogtepunte tydens haar termyn by die SAUK, soos die foutlose uitsaai van die 1994-verkiesing, die 1995 Rugby Wêreldbeker en die 1996 Africa Cup of Nations-sokkerwedstryde (*Sunday Times* 2009).

## 3. DIE ONDEMOKRATIESE WYSE VAN CASABURRI SE AANSTELLING

Een van die grootste redes vir die gevoel van wrewel in baie ANC-takke oor die moontlikheid van die aanstelling van ’n buitestaander, was die gevoel dat die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK) die proses wat vanaf 8 November gevolg is, waarvolgens die takke benoemings vir die premierskap gedoen het, geïgnoreer het. Die onvergenoegdheid was veral daarin geleë dat die NUK self voorgestel het dat die proses van benoemings deur die takke hanteer moes word, maar net daarna

hulle eie voorstel verwerp het. Hoewel Tate Makgoe deur die meeste takke vir die premierskap benoem is, het sy kanse nie goed gelyk nie omdat hy na wat berig is, nie Mandela se keuse was nie. Dit was blykbaar Mandela wat Ivy vanuit die staanspoor premier wou maak, terwyl ander NUK-lede skynbaar glad nie met hom saamgestem het nie. Pat Matosa se ondersteuners het selfs te kenne gegee dat hulle dit sal aanvaar as iemand soos Papi Kganare uit die Lekota-kamp benoem word, solank ’n premier nie van buite op hulle afgedwing word nie. Gebeur dit wel, so is voorspel, sal Lekota se opvolger net “’n kort halfsomerwerkie” hê, want so ’n ondemokratiese stap sou eenvoudig op die ANC se provinsiale konferensie in Februarie 1997 verwerp word. Gaandeweg sou dit blyk dat daar onderliggend steeds die voorbehoud by die nasionale leierskap was dat die probleme slegs opgelos sou kon word deur liefs uit die kringe van die Vrystaatse politieke leiers te bly.

Toe Casaburri op 25 November verwittig is dat sy as premier oorweeg word, was haar onmiddellike reaksie dat sy dit nie sou oorweeg indien sy in enige hoedanigheid in die SAUK-raad heraangestel word nie. In hierdie stadium het Tito Mboweni, die leier van die nasionale ondersoek- en ondersteuningspan, beloof dat die name van diegene wat as premier en wetgewerlede oorweeg word, op 3 Desember in die provinsiale koerant gepubliseer sou word. Lekota en al sy LUK’s sou bedank en plekke ruil met ANC-parlementslede of elders ontplooi word. Mboweni was optimisties dat teen die tyd dat die nuwe premier gekies word, daar reeds konsensus in die ANC oor die keuse sou wees (Nieman 1996b).

Omdat die reaksie teen Casaburri so negatief en vyandig was, is bespiegel dat die nasionale leiers dalk weens toenemende druk bes kon gee en haar net as LUR Vrystaat toe kon stuur. Meer nog: betogings was nog steeds ter sprake en daar was sterk gerugte dat Sanco, Cosatu, die SAKP, die Taxi-vereniging, die Cross Roads Democratic Movement en die Vrystaatse boere op 1 Desember teen Ivy sou betoog met die argument dat die Vrystaat nie ’n stortingsterrein vir onsuksesvolle leiers is nie. Casaburri kon elders ge-”dump” word, maar in die Vrystaat moes die ANC se beloofde demokrasie seëvier. Memoranda waarin die behoud van Lekota geëis is, is op 29 November in elke dorp by polisiestasies oorhandig (*Die Volksblad* 1996d).

Dit was hierdie druk en ontevredenheid wat veroorsaak het dat die aankondiging oor watter politici almal geraak sou word in die verskuiwingsproses, nie op 27 November plaasgevind het soos aanvanklik beloof is nie, maar met ’n week uitgestel is. Daar is verder beweer dat die “ANC-takke verkul voel”, omdat die NUK se voorstel oor hoe te werk gegaan sou word, nie voltrek is nie (Nieman 1996d:2).

Die dramatiese ingryping op nasionale vlak en die debakel wat al langer uitgerek is, het uiteraard buite die Vrystaat aandag getrek, veral weens die vrees dat ’n “Vrystaat” ook op ander provinsies uitgehaal kon word. Volgens

*The New Nation* was die Vrystaat heeltemal "on edge" en die vrees is uitgespreek dat dit onregeerbaar kon word veral omdat die ANC-takke verontwaardig was dat hulle aangesê is om met die veldtog te begin om 'n nuwe premier te nomineer, terwyl in hoë leierskringe kennelik reeds 'n besluit geneem is oor wie die volgende premier sou wees (Seepe 1996). Die waarneming buite die provinsie was dat die ANC se nasionale afvaardiging onophoudelik moes swoeg om die meer as 200 takke te oorreed om Casaburri as premier te aanvaar en ook vir haar as provinsiale ANC-leier te stem. Hierdie skuif om twee poste te teiken, het die besef laat posvat dat die groot oorsaak van die stryd gesetel was in die feit dat die premier en die partyleier nie dieselfde persoon was nie. Baie partylede kon nie begryp waarom die NUK so vasberade was om 'n onbekende persoon in so 'n posisie te plaas nie. Wat die presiese motivering hiervoor was, is nooit duidelik deurgegee nie (Seepe 1996).

Uiteindelik was die wekelange gewag en bespiegeling op 1 Desember verby toe die ANC-leiers die sweep klap en Ivy Matsepe-Casaburri, ondanks hewige teenstand, as kandidaat vir die premierskap aangewys is op 'n vergadering van die tydelike nasionale ANC-bestuurspan, die ANC-lede van die wetgewer, die nasionale LP's wat in die wetgewer "herontplooi" sou word en die voorsitters en sekretarisse van die tien ANC-streke. Tydens die daaropvolgende nuuskonferensie in die Bloemfonteinse Burgersentrum, kon Jeff Radebe, die minister van openbare werke en lid van die NUK, aankondig en verduidelik dat die besluit dat Casaburri vir Lekota moet opvolg, met "inagneming van die probleme in die Vrystaat eenparig geneem is". Blykbaar was die opdrag van die nasionale leiers dat niemand anders hulle as kandidate beskikbaar mag stel nie, omdat iemand wat "neutraal" en nie deel van die binnegevegte was nie, ter wille van hereniging gekies moes word (Nieman 1996e). Verskeie vooraanstaande ANC-leiers het steeds hulle teleurstelling uitgespreek oor Casaburri se gebrek aan politieke leierseienskappe en haar "hovaardige houding". Toe aan hulle gevra is waarom hulle dan nie teen haar gestem het nie, was een se antwoord: "Wil jy hê ons moet in Kuruman herontplooi word?" (Nieman 1996e).

Die groot ontevredenheid was dat die tydelike bestuurspan nie by die aanvanklike ooreenkoms gehou het nie, naamlik dat die ANC-takke kandidate vir die premierskap sou benoem. Mboweni moes toegee dat so 'n ooreenkoms wel bestaan het, maar later heroorweeg moes word as gevolg van die "abnormale en chaotiese situasie" en dat aan die NUK die prerogatief gegee is "om daaroor te besluit" (Nieman 1996e). Wat dreigemente van bloedvergieting oor die besluite betref, het Mboweni gevra dat mense hulle daarvan moes weerhou en die nuwe regering steun. Die vraag of daar nie 'n geskikte kandidaat in die Vrystaat was nie, kon hy troef met die antwoord dat dr Matsepe-Casaburri in Kroonstad gebore en getoë is, 'n *bona-fide* Vrystater is, baie jare in ballingskap verkeer het en hoë aansien in ANC-kringe geniet het (Nieman 1996e). Die nuwe ANC-leier

vir die provinsie sou die naweek van 14 tot 16 Februarie 1997 op ’n provinsiale konferensie gekies word, het Radebe bekendgemaak.

Terselfdertyd is bevestig dat Malebo, Dingane en Mfebe van die parlement na die wetgewer verskuif sou word, terwyl Lekota, Matosa, Magashule en Belot na die parlement sou gaan en Nthatisi êrens anders herontplooi sou word (Nieman 1996f).

## 4. DIE UITKOMS VAN DIE “BLOEDLOSE REWOLUSIE”

Die wyse waarop Lekota teen die wil van die meerderheid Vrystaters herontplooi is (wat as ’n mooi woord vir “afgedank” beskou is), het by veral blankes ernstige vrae laat ontstaan oor die ANC se opvatting en erns oor demokrasie. Die indruk is geskep dat die party hoop opgee oor demokrasie, maar dit net beoefen het wanneer dit hulle pas. Kenmerke van die party se bestuurstyl tydens die Vrystaatse krisis is bestempel as “outoritêr en kragdadig” deurdat sy wil eenvoudig afgedwing is (*Die Volksblad* 1996c). Wat egter geensins verreken is nie, is dat die toestand werklik chaoties begin word het, buite die normale beweeg het en ’n andersoortige en drastiese oplossing geverg het.

Tydens die beginjare van die nuwe demokrastiese opset het die federale politieke karakter die ingewikkeldheid van die ANC se organisatoriese opset dramaties verhoog en na 1994 was daar nie minder nie as ses premierskap-veranderinge, gekenmerk deur konflik tussen die ANC se nasionale leierskap en die onderskeie provinsiale partyleierskappe, veral daar waar die premierskap en die party-voorsitterskap nie deur dieselfde persoon beklee is nie. Soos in die geval van Lekota, sou provinsiale premiers ernstig poog “to extend the boundaries of their autonomy in policy matters” juis omdat die politieke mag grootliks by die ANC-leier in die provinsie berus het (Lodge 2003:38). In die Wes-Kaap is Ebrahim Rasool byvoorbeeld aangesê om hom aan die verkiesing te onttrek en in die Noordelike Provinsie is die aktivis Peter Mokaba verbied om die dienende premier, Ngoake Ramatlhodi, te opponeer. Uit ’n blanke oogpunt is dit beskou as outoritêre optrede van die nasionale leiers en “volslae minagting vir demokratiese beginsels”. Die verwyt was dat in die praktyk die ANC se “volgelinge en strukture niks anders nie as strooipoppe” is wat na die pype van die leiers moes dans nie. “Die ANC se dade sal moet strook met sy woorde anders maak hy met kragdadigheid van die demokrasie ’n klug” (*Die Volksblad* 1996c).

In die Vrystaatse pers is ’n vergelyking getref tussen die optrede van die ANC voor en na Lekota se aanstelling. Toe Lekota aangestel is, is provinsiale strukture op demokratiese wyse geraadpleeg, maar toe ’n magstryd in die Vrystaat ontstaan het, het die ANC se nasionale leierskorps ingegryp en Lekota en sy uitvoerende bestuur eenvoudig die trekpas gegee. In Shell House is summier besluit om Matsepe-Casaburri aan te stel en die heftige besware van Vrystaters, daarteen, is

eenvoudig geïgnoreer. Daar is daarop gewys dat die ANC se politieke jargon deur gebeure in die Vrystaat verruim is. “By al die nuwe woorde wat die nuwe bewind gebring het, soos ‘comrade’ en ‘regime’, het herontplooiing nou ook sy buiging gemaak” (*Die Volksblad* 1996a).

Die werklike betekenis van die “herontplooiing” is beskryf as ’n stap om iemand elders aan te wend, veral om sy besondere talente beter te benut en ook om daardeur erkenning te gee vir waardevolle dienste verrig. So word in baie demokrasieë iemand as administrateur of ambassadeur aangestel as beloning vir lojale ondersteuning en uitstaande dienste gelewer. Wat wel duidelik was, was dat dit eintlik nie bevordering beteken het nie, maar ’n middel was om ’n problematiese individu te verskuif, maar elders steeds te akkommodeer (*Die Volksblad* 1996a).

Presies wanneer die proses afgeloop sou wees om iemand in Lekota se plek aan te stel, was steeds onseker. Die hoofsweep van die wetgewer, Annah Buthelezi-Phorise, het te kenne gegee dat daar ’n voorstel was dat die nuwe premier op 18 Desember gekies moes word. Voor die tyd sou ’n vergadering tussen die ANC en die swepe van die Nasionale Party en die Vryheidsfront op 3 Desember plaasvind om hulle partye se goedkeuring te kry. Omdat die wetgewer op 6 Desember verdaag het, het dit beteken dat lede sou moes terugkom om ’n nuwe premier te kies. Die name van almal wat nuut ingevoer of herontplooi moes word, sou in die week van 9 Desember in die provinsiale koerant verskyn. Daarna moes ’n week verstryk voordat hulle ingehuldig kon word. Die leier van die NP, Inus Aucamp, het te kenne gegee dat sy party die “algehele wanorde” met ongeloof aanskou. Hoe kon Casaburri suksesvol wees as sy nie vertroue ingeboesem het by die SAUK nie en ook nie die steun van die Vrystaters gehad het nie, was sy vraag (*Die Volksblad* 1996a).

Op 4 Desember was die nuus finaal bekend dat Casaburri inderdaad die nuwe premier sou word wanneer die wetgewer op 18 Desember vergader om ’n opvolger vir Lekota te kies. Saam met haar sou die nuwe lede van die wetgewer ingehuldig word. Al die lede van die UR moes op bevel van die nasionale leiers saam met Lekota bedank (Nieman 1996g).

Intussen was opposisieleiers in die wetgewer oorgehaal om hulle genadeloos en aanvallend uit te spreek oor die “bloedlose rewolusie”, met die ANC op die verdediging. Abri Oosthuizen, leier van die Vryheidsfront (VF), het op grond van twee konstitusionele regsgeleerdes wat die party geraadpleeg het, gewaarsku dat die herontplooiing volgens die grondwet (200/1993) en die kieswet (Wet 202/1993) moes geskied. Die idee dat Lekota as senator aangestel kon word, was ook onhoudbaar omdat niemand uit die Vrystaat in die senaat geplaas kon word indien die Vrystaat nie ’n senaatsvakature het nie. Word die regte prosedure nie gevolg nie, het hy gedreig, sou die VF aansoek doen om dit nietig te verklaar (Debatte van die Wetgewer van die Vrystaat 1996).

Vanuit NP-geledere is daarop gewys dat die “bloedlose revolusie” wat deur die leier van die ANC, Pat Matosa, gevoer is, daarop uitgeloop het dat “slim sy baas” gevang het en hy self in die slagyster getrap het. Matosa het voortdurend die NP aangeval en wou knaend weet waar die NP na 1999 sou wees, maar die vraag was nou, waar Matosa na 1999 sou wees? Die ANC self het hulle eie lede uit die wetgewer gedryf, Lekota het van sy teenstanders as “bosluise” gepraat en hulle het hom beskuldig van verterende ambisie en as ’n renegaat voorgehou wat op die politieke lyke van sy teenstanders trap. Boonop was die ANC besig om ’n karikatuur van demokrasie te maak. “Die groot base van Shell House het van die Vrystaatse ANC Klase gemaak” en die Vrystaat is as bespotlik voorgehou – dit terwyl die premier probeer het om sy bes vir die Vrystaat te doen. Sinies is daarop gewys hoe die “nuwe demokrasie van die ANC” die Vrystaat en die wetgewer die afgelope tyd in donkerte gewerp het met “outokratiese, tirannieke optrede” (Debatte van die Wetgewer van die Vrystaat 1996a).

Dat hierdie argumente weinig trefkrag in die oë van die swartes gehad het, was te wyte aan die feit dat die blankes in die Vrystaat hulle nooit werklik kon beroem op ware demokrasie nie. Terwyl hulle aan bewind was, het hulle geen demokratiese opset in die Vrystaat gehad nie, terwyl die meerderheid bewoners geen stemreg of seggenskap gehad het nie.

Matosa het aanvallend en bitsig in die wetgewer die versekering gegee dat hy in 1999 nog daar sal wees om die ANC tot oorwinning te lei oor – en dit was profetiese woorde – die “sterwende NP”. Hy het skerp veroordelend daarop gewys hoe die opposisie preek oor demokrasie, maar hoe hulle demokrasie vol ontelbare grafte is en hoe die openbarings van die Waarheid en Versoeningskomitee die immoraliteit van die NP aan die kaak stel. Hy het NP-lede herinner aan die wyse waarop hulle van PW Botha ontslae geraak het toe hy beroerte gekry het en besig was om aan te sterk. Die ANC het immers nie “diamante vir gewere geruil in Angola om Namibiërs en Angolese te vermoor nie. Dieselfde mense staan in pragtige pakke en dasse om ons van demokrasie te leer” (Debatte van die Wetgewer van die Vrystaat 1996a). ANC-lid Mayekiso was wel bereid om te erken: “Ons moet verstaan dat ons almal nog leer en dat sommige lesse nie maklik is nie. Ons sal gekneus uit hierdie lesse kom” (Debatte van die Wetgewer van die Vrystaat 1996b).

Die volgehoue aanklagte oor die ANC se ondemokratiese optrede het president Mandela genoop om sy stem tydens ’n nuuskonferensie in Kaapstad te laat hoor. Die wye kritiek dat die ANC ondemokraties opgetree het met die verwydering van Lekota en die aanstelling van Casaburri het hy as totaal ongegrond afgemaak en die media oor die die kole gehaal oor die kritiek dat die ANC al hoe meer ondemokraties word. Oor die kritiek in die pers dat die ANC al hoe meer outoritêr optree, het Mandela skerp reageer en beweer dat die ANC die een organisasie is

wat absoluut tot demokratiese beginsels verbind is. Hy het herhaal dat daar vir bykans twee jaar gepoog is om oplossings vir die probleme onder die Vrystaatse leiers te vind. Leiers op die hoogste vlak, met inbegrip van president Thabo Mbeki en hyself, het ook betrokke geraak. Gesonde mededinging om leierskapposisies is normaal, maar in die Vrystaat het dit al die betrokkenes se tyd in beslag begin neem. Hy het terselfdertyd gewaarsku dat te veel energie in die party verspil word in leierskaptwiste en faksiegevegte. Gesonde mededinging is goed, maar politieke programme mag nie daardeur geskaad word nie (*Die Volksblad* 1996b).

Bewus van die groot kritiek wat haar aanstelling uitgelok het, het Casaburri, toe sy op 6 Desember op die voorblad van *Die Volksblad* op ’n kleurfoto verskyn het, optimisties te kenne gegee dat sy glo dat die Vrystaters haar sal aanvaar. Op ’n direkte vraag oor haar omstrede aanstelling, het sy aangedui dat, soos sy die situasie verstaan, al die ANC-strukture aangedui het dat het hulle tevrede is. Terselfdertyd het sy aangedui dat sy beoog om ’n reeks vergaderings met alle rolspelers te hou sodat hulle saam die Vrystaat kan ontwikkel (Nieman 1996f).

Lekota het eers op 14 Desember bedank en ’n week voor sy vertrek kon hy ’n laaste “kyk-wat-ek-tog-vermag-het” hou inkry, toe die Vrystaat as die veiligste provinsie met die skerpste daling in misdaad in Suid-Afrika uitgewys is. Hy kon daarop wys dat toe hy sy amp aanvaar het, hy aan die gemeenskap se verwagtinge wou voldoen om misdaad te onderdruk en vertroue in die polisie te bou. Die afname in misdaad is bewys deurdat moord met 19,2% verminder het, roof met 41,9%, verkragting met 8,4%, ernstige aanranding met 14,5%, inbrake by sakepersele met 22,8%, en motordiefstal met 20,6%. Een ernstige probleem was egter dat die Vrystaat per capita die tweede hoogste veediefstal in die land gehad het, hoewel dit ook met 11% afgeneem het (Nieman 1996i).

## 5. LITIGASIE OOR DIE BESLUIT OM LEKOTA TE HERONTPLOOI

Opstandigheid oor die besluite en optrede van die ANC wou eenvoudig nie gaan lê nie. Op 13 Desember het die debakel ’n verdere kinkel gekry toe ’n dringende interdik deur ’n bejaarde man, Edmund Qhali, van die Rocklands swart woongebied, by die Hooggeregshof aangevra is teen die besluit om Lekota te verwyder en veral om Casaburri as “enigste” kandidaat aan te wys. Volgens hom was hy ’n ANC-lid en lid van ’n straatkomitee van die organisasie. Hy het beweer die NUK het in stryd met die ANC-grondwet opgetree en die funksie van die provinsiale afgevaardigdes oorgeneem, waardeur die basiese beginsels van demokrasie geïgnoreer is. Altesaam 16 respondente, onder andere Lekota, die Vrystaatse LUR’e, Casaburri en die voorsitters van verskeie komitees is gedagvaar. Qhali het gevra dat hulle voor 23 Januarie 1997 redes moes aanvoer hoekom die hof nie moes bevind dat die NUK-besluite ter syde gestel moes word nie. Die besluit dat net een kandidaat as

premier mag staan, was volgens sy aansoek in stryd met die basiese beginsels van die ANC (Hayes 1996). Qhali se argument was dat die Vrystaters twee kandidate wou hê sodat hulle daaroor kon stem. Hy is in die regsgeding gesteun deur ’n aantal gegoede ANC-lede (was hulle dalk die hele dryfveer agter die aksie?) en as rede vir hulle steun is aangevoer: “Ons wil nie hê dat die wil van die ANC bloot op die mense in die Vrystaat afgedwing word nie”, en volgens hulle het die gemeenskap baie sterk daaroor gevoel (Smith 1996).

Teen die verwagtinge in en met belangstelling ver buite die grense van die provinsie, is Qhali se tussentydse aansoek by die hof teen die aanwysing van Casaburri op 13 Desember deur regter Wessels toegestaan. Die ANC het egter onmiddellik laat blyk dat die opheffing daarvan onmiddellik gevra sal word en hulle was vas oortuig dat dit ter syde gestel sal word. Intussen is bespiegel of ’n omstrede premier en ’n kleiner UR met nuwe gesigte wel vanaf 18 Desember die Vrystaat se regering sou lei.

Ook in die wetgewer het woelinge voortgeduur en op 14 Desember het die NP en die VF tevergeefs versoek dat die Wetgewende Vergadering ontbind en ’n verkiesing in die provinsie gehou word, sodat die Vrystaters self hulle politieke keuse vir ’n nuwe premier kon uitoefen. Vir die opposisie was die tragedie dat die Vrystaters die verloorders bly omdat onsekerheid toeneem en die rampspoed ook besig was om die waardigheid van die wetgewer aan te tas (Nieman en Sapa 1996).

Die voorsitters van die NUK en NWK het op 17 Desember die aansoek vir die opheffing van die tussentydse interdik ingedien. Intussen was Casaburri teoreties net ’n “skynhoof” vir die Vrystaat om opdragte van die tydelike bestuurspan van die Vrystaatse ANC onder beheer van Mboweni uit te voer (Nieman en Versluis 1996). Sy sou haar nuwe UR waarskynlik op 19 of 20 Desember aankondig en intussen was die ANC-takke traag om gehoor te gee aan die Mboweni-span se opdrag om Casaburri te “populariseer” sodat sy goeie samewerking kon verkry.

Daar is beoog om die vyf wetgewende raadslede (Casaburri, Dingane, Malebo, Mfebe en me Moadira) op 18 Desember in te huldig: en dit was nou bekend dat Lekota in die nuwe Raad vir Provinsies herontplooi sou word. Matosa, Magashule en Belot sou in die Nasionale Vergadering opgeneem word, terwyl Nthatisi êrens deur die ANC in sy strukture gebruik sou word (Nieman 1996j). Casaburri was nou lid van die wetgewer maar nog nie premier nie en spanning het weer begin oplaai toe uitspraak in die Hooggeregshof uitgestel is. Die ANC-regspan se aanbeveling was dat die verkiesing van Casaburri in die Wetgewende Vergadering moes voortgaan, maar speaker Chabaku het op 17 Desember te kenne gegee dat die hofuitspraak sou bepaal of die wetgewer op 18 Desember sitting sou neem.

Ongekende spanning het dus op 18 Desember geheers oor die verkiesing van Casaburri wat dieselfde middag in die wetgewer moes plaasvind. Lekota se

bedanking het om 12:00 op 17 Desember in werking getree en die sitting van die wetgewer was veronderstel om teen 14:00 te begin. Om sake te vereger, is Chabaku die vorige aand met longontsteking in die hospitaal opgeneem. Boonop is betogings vir 18 Desember deur die Christian Democratic Movement, gesteun deur die taxi-verenigings en Sanco, by die wetgewer se sittingslokaal teen Lekota se afdanking en Casaburri se verkiesing gereël. Groot druk is op die wetgewerlede geplaas omdat die hofuitspraak eers teen 12:00 verwag is. Die ANC-koukus het ook op die oggend van 18 Desember te midde van "breekpunt-spanning en chaos na die drastiese afdankings weens die stryd in hul party", vergader (Nieman, 1996k). Die grootste oorsaak vir die ontevredenheid was omdat Mboweni en sy tydelike bestuurspan Casaburri ook op hulle wou afdwing as provinsiale partyleier met die opdrag dat niemand haar tydens die Vrystaatse ANC se Februarie-konferensie mag teenstaan nie. Daar was verdere ontevredenheid oor die feit dat vier van die vyf nuwe wetgewerlede uit die Suid-Vrystaat gekom het, wat gesien is as 'n doelbewuste poging om "stabiliteit" te bring deur opstandige Noord-Vrystaters hok te slaan. Die vrees was nou weer dat die Suid-Vrystaters 'n magsblok sou vorm wat die ou suid-noord-stryd weer opnuut sou aanvuur (Nieman 1996k).

Vroeg die oggend van 18 Desember het advokaat Danny Berger van Johannesburg, namens die ANC, uitdagend verklaar dat Casaburri premier sal word ongeag van wat die Hooggeregshof beslis. Sy betoog was dat Qhali geen skade sal lei as die verkiesing voortgaan nie en dat hy ingevolge sy verantwoordelikhede as ANC-lid, in elk geval sy probleme eers by sy tak moes geopper het. Die regte prosedure is wel gevolg in die benoeming van Casaburri en om die besluit van die NUK tersyde te stel. Dit sou nie die verkiesing kelder nie. Lekota en die LUR'e se vrywillige bedankings was geldig vanaf 17 Desember en daar het dus vakatures bestaan wat gevul moes word. Indien die hof die PUK se besluite ter syde sou stel, sou die poste steeds vakant wees en tog gevul moes word, wat 'n hofbevel slegs akademies van aard maak. Berger het geargumenteer dit is onwaar dat net een kandidaat, volgens die prosedure wat gevolg is, geregtig sou wees om as premier benoem te word. Die ANC se besluit oor Casaburri is met goedkeuring van sy lede geneem en indien meer as een ANC-kandidaat benoem sou wees, sou dit stemme verdeel en 'n ander party se kandidaat verkies kon word. Niks het ander lede van die wetgewer egter verhoed om steeds ander kandidate te stel nie. Vir die aansoeker was advokaat Pieter Geldenhuys weer van mening dat die ANC demokratiese beginsels verbreek en bekragtig die hof Qhali se aansoek, kon Lekota en ander ANC-lede vrylik as kandidate staan sonder vrees vir dissiplinêre stappe. Sy betoog was dat die NUK alleen besluit het Casaburri word die enigste kandidaat en eers daarna is die idee aan die Vrystaters "verkoop" (Hayes 1996a).

Namens die ANC se nasionale leiers het Mboweni in sy beëdigde verklaring aan die Hooggeregshof die verloop van die magstryd stap vir stap uiteengesit en

daarin interessante perspektiewe, wat betref die oorsake van die twis, gegee. Hy het weereens daarop gewys hoe die ANC vir agtien maande lank tevergeefs gepoog het om die stryd tussen Lekota en Matosa op te los. Sedert Matosa in November 1994, en nie die premier nie, as voorsitter van die ANC verkies is, kon hulle nie saamwerk nie. In die loop van agtien maande is verskeie afvaardigings deur die nasionale leierskap gestuur, maar hulle kon nie die stryd bylê nie. Namate spanning opgelaai het, is Lekota deur die PUK gedreig met ’n mosie van wantroue. Die eerste stap deur die nasionale leiers was om deur bemiddeling van Steve Tshwete ’n ooreenkoms te bereik, maar die spanning het weer toegeneem en die verhouding tussen Lekota, Matosa en Magashule het verder versleg. In ’n tweede stap het Tshwete weer tussenbeide getree en die partye het besluit om in provinsiale belang saam te werk. Dit het ook nie uitgewerk nie en die faksies het in die openbaar begin stry. Die derde poging was toe Mandela die strydende groepe na Kaapstad genooi het en Lekota en Matosa weereens beloof het om saam te werk en mekaar nie in die openbaar die stryd aan te sê nie. In Oktober 1996 het Lekota op ’n plaaslike radiostasie “harde houe” uitgedeel teen Matosa en Magashule en Matosa het op soortgelyke wyse in die media teenoor Lekota gereageer (Hayes 1996b). Die toestand het dus algaande onhoudbaar geword en die belange van die ANC is op plaaslike en nasionale vlak ondermyn sodat die ANC se ledetal in die provinsie begin daal het. In November is besluit dat drastiese optrede noodsaaklik is en met die instemming van Lekota, Matosa en Magashule is ooreengekom hulle bedank, en so ook al die LUR’e en die PUK. Daarna is ’n vergadering op 1 Desember in Bloemfontein gehou waarop eenparig besluit is dat dr. Ivy Matsepe-Casaburri die kandidaat is wat deur die ANC as premier benoem word (Hayes 1996b).

Mboweni se logiese en klinkklare argumente het oortuig. Die tussentydse bevel wat besluite van die ANC se NUK oor Lekota en Casaburri ter syde stel gestel het, is om 11:00 deur regter Fred Beckley in ’n Hooggeregshof-uitspraak nietig verklaar. Beckley het nie op die meriete van die saak ingegaan nie, maar met bykomende inligting tot sy beskikking gemeen die aansoek is nie dringend nie (Hayes 1996c). Buite die Hooggeregshof, waar sowat 100 betogers vergader het, het Matosa met verwysing na bewerings dat die Vrystaatse ANC-leierskap gedwing is om sekere beslissings te aanvaar, benadruk dat alles vrywillig gedoen is.

Uit ’n blanke gesigspunt is die tersydestelling van die tydelike interdik as ’n holle oorwinning bestempel, omdat dit nie die onmin en weerstand teen die diktatoriale en outokratiese wyse waarop Casaburri afgedwing is, besweer het nie. Daar was immers reeds murmurering dat die nuwe aanstellings in die wetgewer die magsewewig na die Suid-Vrystaat verskuif. Mboweni se argument dat Casaburri nie die enigste kandidaat hoef te gewees het nie, was gewoon nie waar nie. “In werklikheid is die ANC se kieskollege in die Vrystaat verbied om die sentrale leierskap se keuse as kandidaat teen te staan” (*Die Volksblad* 1996d).

Kommerwekkend was ook die dreigement van die ANC om voort te gaan met Casaburri se aanstelling ondanks wat die hof ookal mag bevind, wat geen voorbeeld gestel het van hoe ’n “regerende party ’n regstaat help vestig nie” (*Die Volksblad* 1996d).

## 6. DIE CASABURRI-ERA BREEK FINAAL AAN

Drie uur na die Hooggeregshof-uitspraak en na agtien maande se hewige stryd, verdagmakery en faksievorming, het die Casaburri-era finaal op 19 Desember aangebreek toe sy in die Wetgewende Vergadering met staande toejuiging verkies is. So is die “lang, spannende en moeilike proses” van die aanwys van ’n nuwe premier uiteindelik beëindig. Soos te verwagte, was Casaburri se eerste boodskap een van versoening, naamlik dat die wetgewer ’n verpligting het “om as broers en susters saam te werk eerder as om as gekke saam te sterf” (Nieman 1996l). Die Vryheidsfront se besluit om nie die sitting by te woon nie omdat “hy hom nie wou kompromitteer met ’n proses wat in stryd met die Grondwet is nie”, is wyd gekritiseer as kontraproduktief om die Vrystaat uit die bykans vernietigende krisis te red (Nieman 1996l). Die leier van die NP, Inus Aucamp, is in ’n futiele gebaar deur Louis van der Watt as enigste ander kandidaat voorgestel met die motivering dat die ANC se kandidaat in geen opsig sy gelyke is nie. Al 24 ANC-wetgewerlede wat na bewering ontevrede was oor die wyse waarop Casaburri opgedwing is, het in die geheime stemming almal vir haar gestem. Makgoe, wat blykbaar deur die meeste takke benoem is, het haar voorgestel, terwyl Kganare, wat deur die tweede meeste takke benoem is, haar gesekondeer het.

In haar inspirerende aanvaardingstoespraak het Casaburri laat blyk haar eerste en grootste uitdaging sou wees om agterstande uit die vorige bedeling vir die massas uit te wis. Haar oortuiging was dat ten spyte van “onwaarskynlikhede, sinisme, skeptisisme en die bagasie van die verlede” versoening wel sal plaasvind omdat sy geloof gehad het “in mense se vermoë en wilskrag om hulself te verbeter”. En, het sy bygevoeg, sy is nie aan die provinsie opgedwing nie, soos deur die hofuitspraak bewys (Nieman 1996l).

Steeds het die leier van die VF, Abri Oosthuizen, negatief bly terugkabbel dat die Hooggeregshof-uitspraak slegs op die ANC-grondwet gebaseer was en nie die Grond- en Kieswet in aanmerking geneem het nie. Dit was dus ’n “onwettige” proses wat die waardigheid van die wetgewer aangetas het en die feit dat die hofuitspraak eers om 11:00 gelewer is en die wetgewer reeds om 14:15 moes vergader, het dit vir die VF onmoontlik gemaak om ook ’n aansoek voor die Hooggeregshof te bring. Dit het die VF met geen ander keuse gelaat nie as om nie die sitting by te woon nie. Wat hom betref, sou die Vrystaat nou “as’t ware

volgens dekreet en outokraties geregeer" word, wat nie versoen kon word met ware demokrasie nie (Nieman 1996m).

Van die betogings wat in die vooruitsig gestel is, het niks gekom nie, omdat die nasionale leierskap hierdie keer die finale beëindiging van die voortslepende Vrystaatse onrus met dodelike erns benader het (*Die Volksblad* 1996d). Werklike doeltreffende regering het egter steeds uitgebly en onsekerheid het voortgeduur. Teen 6 Januarie 1997 is Casaburri in 'n brief van die NP skerp gekritiseer omdat sy nog nie haar uitvoerende raad aangewys het nie. Volgens die NP kon so 'n situasie in geen behoorlike demokrasie geduld word nie, want die departemente was sonder politieke hoofde en die situasie was vir die breër kieserspubliek onaanvaarbaar (Nieman 1997). Hierdie ernstige kritiek het die gewenste uitwerking gehad en twee dae later het sy haar UK aangekondig. Die verrassing was dat al die beskikbare lede van die ou UR behou is, wat as 'n oorwinning vir die Lekota-ondersteuners in die raad beskou is. Hulle is op 10 Januarie ingehuldig (Nieman 1997a).

## 7. MOET DIE PREMIER EN DIE LEIER VAN DIE PARTY IN DIESELFDE PERSOON SETEL?

Hoewel Lekota op 20 Januarie 1997 as senator deur die president van die senaat ingehuldig is, was daar 'n sterk vermoede dat hy spoedig voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies (NRP) sou word (*Die Volksblad* 1997e). In die volgende hewige politieke debat wat die Vrystaat getref het en nog steeds 'n uitvloeisel van die vorige twispunt was, is Lekota weer betrek. Die twispunt het nou gewentel om die vraag of die premier en leier van die Vrystaatse ANC dieselfde persoon moes wees. Sommige Vrystaters het uitdagend gebly en die Bloemfontein-Hoopstad ANC-tak het, ten spyte van alles wat gebeur het, Lekota eenparig weer as ANC-voorsitter en dus as provinsiale leier benoem. As Lekota tot voorsitter verkies sou word tydens die Februarie-konferensie en die premier en die voorsitter van die ANC dieselfde persoon moes wees, kon dit beteken dat Casaburri einde April uit haar pos kon wees.

Baie vreemd het Lekota die benoeming van die Bloemfontein-Hoofstad-tak aanvaar en daar was gerugte dat druk skynbaar deur sekere Lekota-ondersteuners op Casaburri uitgeoefen is om te bedank omdat hulle vol vertroue was dat Lekota die leierskapstryd sou wen. Talle van sy ondersteuners het hulle volgens berigte in honderdtalle by die ANC aangesluit en nuwe takke gestig ten einde genoeg afgevaardigdes na die provinsiale konferensie te stuur om te verseker dat Lekota verkies word. Daar is beweer dat daar, na die nasionale leierskap se ingryping, meer verdeeldheid as ooit tevore was (Nieman 1997b). Die standpunt van die Lekota-ondersteuners was dat hy weer benoem kon word omdat dit hulle demokratiese reg is om oor 'n leier te besluit. Daarteenoor is die optrede van hierdie tak beskou as 'n

direkte uitdaging aan die NUK en dat die lede van die Bloemfontein-Hoofstad-tak geskors behoort te word (Nieman 1997b).

Mboweni het vinnig reageer en daarop gewys dat die tak nie volgens die ANC-grondwet opgetree het nie. Hulle besluit om Lekota te nomineer moes eers met die streekbestuur uitgeklaar gewees het en as dié nie saamgestem het nie, kon hulle die provinsiale bestuur genader het (*Die Volksblad* 1997a). Van nasionale kant het die ANC druk op Lekota uitgeoefen om hom as kandidaat vir die voorsitterskap van die party in die provinsie te onttrek. Mboweni het te kenne gegee dat Lekota se werk by die NRP "sy volle aandag" sou vereis. Om verdere potensiële probleme uit te skakel, het die nasionale leierskap besluit dat nie Matosa of Magashule hulle sou kon beskikbaar stel vir leierskap van die party nie uit vrees dat dit die Vrystaatse leierskapkrisis weer kon laat opvlam (*Die Volksblad* 1997a).

In hierdie stadium het dit gelyk asof die nasionale ANC ook Casaburri se leierskap van die ANC in die provinsie sou afdwing, net soos wat hulle ingegryp het deur Lekota aan te sê om hom nie vir die provinsiale voorsitterskap beskikbaar te stel nie. Lekota het laat weet dat hy na "lang oorweging en raadpleging" die benoeming van die hand wys (Nieman 1997c). Ook ander hooffigure is verbied om hulle vir die top leiersposte in die PUK beskikbaar te stel en, so is gemeen, was die "pad vir dr Matsepe-Casaburri oopgemaak om ook die provinsiale ANC-leier te word" (Nieman 1997c).

Verskeie lede van die Vrystaatse ANC was egter vasbeslote om nie in die verkiesing van 'n leier weer deur die nasionale leierskap geboelie en voorgeskryf te word nie. Uiteindelik was Dingane en Casaburri die kandidate vir die ANC-voorsitterskap. Die verkiesing was teen 18 Februarie afgehandel en met 'n klein meerderheid het Dingane tog die paal gehaal. 'n Persfoto toon Casaburri en Dingane waar hulle beloof om saam te werk tot voordeel van goeie leierskap ten spyte van Casaburri se nederlaag in die stryd om die voorsitterskap in die Vrystaat. Die feit dat dit 'n klein meederheid was, het Casaburri in staat gestel om te sê dat die media verkeerd bewys is dat sy onbekend in die Vrystaat was (Nieman 1997f). Dit het ook getoon dat die oorredingsaksie van die NUK wel vrugte afgewerp het, maar dat die gewone kiesers in die laaste instansie eie oordeel sou gebruik en hulle nie sou laat voorskryf of intimideer nie.

## 8. DIE VRYSTAATSE ANC WEER IN VOLLE AKSIE

Die klaarblyklike beëindiging van die faksievetes het beteken dat die ANC tydens die laaste sitting van 1997 in die Wetgewende Vergadering weer kon oorgaan tot politieke aanvalle teen die opposisie wat tydens die lang ANC-magstryd lustig en voluit die ANC-onenigheid kon kritiseer. Veral die NP het daarop gesinspeel dat die ANC–beheerde regering besig was om te verkrummel. Buthelezi-Phori,

nuwe speaker van die wetgewer, het hierna verwys en gewaarsku dat die NP ’n hersenskim voorhou dat die Vrystaatse provinsiale regering onvermydelik inmekaar sou stort. Tydens die NP se bewindstydperk kon alle administratiewe foute toegesmeer word en die blote feit dat probleme nou uitgewys en bespreek is, was bewys van hoeveel deursigtiger die Vrystaatse regering geword het. Haar koukus glo die beskuldiging van ineenstorting was ’n “rookskerm om die aandag weg te lei van die vorige regering se kultuur van vermorsing op ekonomiese en personeel-gebied” en “gebrek aan ingesteldheid op ’n personeelkorpsetiek”. Wat die nuwe regering moet aanspreek, is die enorme uitdaging om toepaslike dienste te lewer “in reaksie op werklike behoeftes aan die meerderheid van die bevolking … en nie net aan die minderheid nie” (Horn 1997).

Van tyd tot tyd was daar nog klanke van faksiedruk, soos toe daar teen die einde van 1997 beweer is dat die premier politieke gyselaar gehou word deur ’n drukgroep binne die ANC-kommunistiese alliansie wat haar verhoed om haar werk te doen. Die nalatenskap wat Casaburri geërf het, was inderdaad ’n hele deurmekaarspul en gerugte was in omloop dat sy die “politieke gevangene van ’n kabaal in die binnekring van die Vrystaatse ANC-Kommunistiese Party” geword het. Blykbaar was sy so onder druk dat sy nie kon waag om die uitvoerende raad te verander “om van die onbevoegdes en loodswaaiers in van die mees senior provinsiale ampte ontslae te raak nie” (*Die Volksblad* 1997d). Hierdie kabaal se afdreigmiddel was skynbaar ’n mosie van wantroue in haar weens die feit dat haar posisie delikaat was omdat sy “by die agterdeur ingebring” is. Vooraanstaande lede van die Lekota-faksie was nou ook vlieë in die salf en hulle het Casaburri daaraan herinner dat sy geen politieke steun geniet nie en sy is gewaarsku dat hulle nie sou huiwer om van haar ontslae te raak as sy haar mag uitoefen om die UR te verander nie. Gerugte wou dit hê dat sy geïntimideerd en gefrustreerd was en teen wil en dank moes inwillig om nie veranderinge aan te bring nie en “daaroor is sy verpletter” (*Die Volksblad* 1997d).

## 9. LAASTE NADRAAIE VAN DIE FAKSIETWIS

Nog was dit nie die einde nie. So laat as Maart 1998 moes die nasionale ANC-leiers op hoogste vlak weer ingryp om te verhinder dat ’n hernieude faksiestryd in die party se Vrystaatse strukture losbreek. Die aanleidende oorsaak hiervan was ’n dreigende hofgeding teen Lekota deur Matosa en Mayekiso. Ronnie Mamoepa, die ANC se nasionale woordvoerder, het openbaar dat die ANC moes ingryp om te probeer verhoed dat hierdie twee senior Vrystaatse ANC-lede Lekota weens laster hof toe neem vir ’n gesamentlike eis van R1miljoen en dat hy op daardie tydstip besig was om ’n vergadering tussen die strydende partye te reël. Hoewel dit ’n siviele saak was, het die verantwoordelikheid steeds by die ANC berus om

as bemiddelaar op te tree om strydende partylede uit mekaar te probeer hou (Horn 1998). Dithebe, die Vrystaatse ANC-sekretaris, het te kenne gegee dat dié hofstryd teen die direkte wense van die NUK was. Die bewerings oor wat Lekota destyds oor ’n radioprogram oor hulle kwytgeraak het, was nie meer ter sprake nie en die dagvaardigings kon nie los gesien word van die politieke woedestryd van vroeër nie. Hierdie ingryping was suksesvol en die saak het doodgeloop (Horn 1998).

Die laaste snikke van die omvangryke ANC-binnegeveg was in Mei 1998 hoorbaar toe ’n brief met omstrede stellings oor die faksiestryd wat in die Vrystaat voortwoed, by die NP en VF se kantore in Bloemfontein “geplant” is. Enersyds is ontkennings deur die ANC oor die egtheid daarvan gemaak, terwyl sommige senior ANC-lede andersyds te bang was om hulself te identifiseer. Die verwagting was dat die interne stryd sou verhewig namate die provinsiale kongres in Augustus genader het. Volgens die brief en verdere gerugte het Magashule en sy volgelinge planne gesmee om die heersende pro-Lekota-leiers te onttroon en politieke raadgewer Casaburri met een wat hulle goedgesind was, te vervang (Nieman 1998). Ook hiervan het niks gekom nie en gaandeweg het groter normaliteit begin terugkeer.

## 10. DIE WYSE VAN AANSTELLING VAN PREMIERS WORD GEWYSIG

Die oorsake van die Vrystaatse regeringsprobleme was kompleks en het verskeie kwessies aan die lig gebring: die onervarenheid van die nuwe bewindhebbers in demokratiese prosesse; die premier wat te selfstandig wou regeer teenoor die partyleier wat op sy beurt ANC-beleidsbesluite ten alle koste wou laat seëvier; die aanstellingswyse van die premier wat nie in die kern van die provinsiale party uitgeklaar of goedgekeur is nie; persoonlikheidsbotsings en ambisies; die onverskrokke optrede van die premier om bedrog hok te slaan en die antagonisme wat dit tot gevolg gehad het. Wat ook duidelik was, is dat daar in die lig van die uitgerekte en bykans vernietigende politieke en administratiewe stryd, vir die nasionale leierskap uiteindelik geen ander alternatief was as om drasties in te gryp nie.

Die Vrystaatse problematiek sou sy merk laat en op die ANC se nasionale beleidskonferensie in Junie 2007, is besluit dat die premiers van die provinsies nie meer deur die ANC-leier aangestel sou word nie, maar wel deur die provinsiale uitvoerende komitees en die NUK goed- of afgekeur kon word. Tot in daardie stadium was dit hoofsaaklik in die hande van die president om te besluit wie die premiers van die provinsies sou wees (Joubert 2007). Een van die beweegredes vir die ANC om sy beleid hieroor te verander, was die wrange ervaring in die Vrystaat waar die premier en provinsiale leier nie dieselfde persoon was nie en dit soveel negatiewe gevolge gehad het. Die botsende beskouings van die Vrystaatse premier en die provinsiale partyleiers oor die aard en grondslag van hulle

onderskeie gesagsposisies het grondwetlike bepalings versus partygesag in die gedrang gebring. Die diktatoriale beskouings binne die ANC oor die verhouding grondwetlike belange versus partypolitieke belange, is ook op nasionale vlak duidelik geprojekteer.

## 11. SLOTGEDAGTES

Die faksiestryd het verlammend ingewerk op alle fasette van die regering en persoonlike belange het swaarder geweeg as die provinsie se welsyn. Die dramatiese konflik het voortgeduur om selfs die inswering van Casaburri in ondraaglike spanning te omskep. Sy moes haar bewind tegemoetgaan met die wete dat daar nog geweldige onderstrominge was, dat haar keuse afgedwing is en dat sy sou moes ligloop om nie die Matosa- of Lekota-faksie te antagoniseer nie. Oor haar termyn as premier is Casaburri later uiteenlopend beoordeel, maar as persoon is sy geloof vir haar toewyding om armes op te hef en is sy bewonder vir haar "embodiment of style, beauty, integrity, dignity, kindness and selflessness" (*Sunday Times* 2009). Haar bewind as premier het gestrek vanaf Desember 1996 tot 1999 toe sy as minister aangestel is. Sy het die era van vrouepremiers ingelui en sy is opgevolg deur Winkie Direko (1999-2004) en Beatrice Marshoff (April 2004-2009), voordat Ace Magashule, een van die sleutelfigure in die debakel, in 2009 die leisels oorgeneem het.

Ten slotte: Die vraag bly of 'n sterk en totaal oorheersende party in die land gebonde sal bly aan die bepalings van 'n grondwet. Of is demokrasie inderdaad vir die ANC bloot 'n "sjibbolet, ten nouste verwar met eenpartymeerderheidsregering?" (Breyten Breytenbach, soos aangehaal deur Naudé, 2010).

## BRONNELYS

Asmal K, Chicheste D, James W (reds). 2003. *Nelson Mandela. From freedom to the future*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Brewer JD (red.) 1998. "Internal black protest". In: *Can South Africa survive? Five minutes to midnight*. Bergvlei: Southern Book Publishers. Chapter 8: 184-205.

Davenport TRH 1998. *The birth of a new South Africa. The 1995 Joanne Goodman lectures*. Toronto: University of Toronto Press.

Debatte van die Wetgewer van die Vrystaat

1996. Hansard 5 Desember: kol. 3067.

1996a. Hansard 5 Desember: kol. 3071.

1996b. Hansard 5 Desember: kol. 3075.

*Die Burger* 1996. "ANC optrede kan SA demokrasie verwoes sê Leon", 29 November.

*Die Volksblad*[2] 1996. Ivy sal 'hoogs waarskynlik' na VS Wetgewer gestuur word – Tito, 26 November.

1996a. "Hoofartikel: Nuwe politieke jargon", 3 Desember.

1996b. "Kritiek teen ANC-optrede in VS ongegrond, sê Nelson", 9 Desember.

1996c. "ANC-kragdadigheid", 13 Desember.

1996d. "Hoofartikel: Holle oorwinning", 19 Desember.

1997. "Voorsittersamp sal eer wees, sê sen. Lekota", 21 Januarie.

1997a. "Hoofartikel: Lekota benoem", 21 Januarie.

1997b. "ANC laat blyk druk is toegepas", 22 Januarie.

1997c. "Hoofartikel: ANC slaan die bal mis", 20 Oktober.

1997d. "Hoofartikel: Knuppelpolitiek", 15 Desember.

Essop P en Kok D 2009. "Politici eer 'waardige dame' Ivy". *Beeld*, 8 April:7.

Hayes P 1996. "Interdik teen ANC oor Lekota", *Die Volksblad*, 13 Desember.

1996a. "Ivy word premier ongeag wat hof sê", *Die Volksblad*, 18 Desember.

1996b. "ANC het 18 maande lank probeer om spanning te ontlont Mboweni", *Die Volksblad*, 18 Desember.

1996b. "Matosa pak skuld vir debakel op ANC-takke", *Die Volksblad*, 19 Desember.

Horn A 1997. "Ineenstorting van die VPR is 'n hersenskim van NP – ANC", *Die Volksblad*, 18 Oktober.

1998. "ANC gryp in om stryd tussen faksies te keer", *Die Volksblad*, 4 Maart.

Jordaan M 1996. "Politieke storm was nodig in die Vrystaat, sê Cas Human", *Die Volksblad*, 7 Desember.

Joubert J-J 2007. "ANC besluit oor premiers", *Die Volksblad*, 30 Junie.

2 In die tydperk onder bespreking was die koerant bekend as *Die Volksblad*. Tans heet die nuusblad bloot *Volksblad*.

Naudé, Charl-Pierre 2010. "Breyten Breytenbach: leuenverklikker, manteldraaier of albinoterroris?", *Rapport*, 23 Januarie.

Nyatsumba K 1996. "Must ANC wield the big stick?" *The Star*, 27 November.

Lodge T 2002. *Politics in South Africa. From Mandela to Mbeki*. Cape Town: David Philip.

Louw I 2009. "Matsepe Casaburri championed the disadvantaged", *City Press*, 12 April.

Mallaby S 1992. *After Apartheid. The future of South Africa*. Times Books: New York.

Mandela N 1995. *Long walk to freedom*. MacDonald Purnell.

Nieman N 1996. "Oupagrootjie was van Hugenote-afkoms", *Die Volksblad*, 25 November.

1996a. "Opposisie kap Ivy as premier", *Die Volksblad*, 25 November.

1996b. "Ivy verkies SAUK-raad bo Vrystaatse Wetgewer, *Die Volksblad*, 27 November.

1996c. "Sestienjarige veg vir Lekota as premier", *Die Volksblad*, 28 November.

1996d. "Dr Ivy dalk net as LUR na Vrystaat", *Die Volksblad*, 29 November.

1996e. "Dr Ivy as premier aangewys", *Die Volksblad*, 2 Desember.

1969f. "Nuwe leiers vir VS in Februarie gekies", *Die Volksblad*, 2 Desember.

1996g. "Matsepe-Casaburri word op 18 Desember premier", *Die Volksblad*, 4 Desember.

1996h. "Dr Ivy se visie vir VS", *Die Volksblad*, 6 Desember.

1996i. "Lekota is trots op veiligste provinsie in Suid-Afrika", *Die Volksblad* 11 Desember.

1996j. "Vyf nuwe lede van Wetgewer more in Bfn ingehuldig", *Die Volksblad*, 17 Desember.

1996k. "Spanning laai op oor VS premier", *Die Volksblad*, 18 Desember.

1996l. "Die Ivy-era breek vir die Vrystaat aan", *Die Volksblad*, 19 Desember.

1996m. "Hofuitspraak oor kandidatuur neem nie Grond- en Kieswet in ag nie, sê Oosthuizen", *Die Volksblad*, 19 Desember.

1997. "NP kritiseer Ivy kwaai omdat VS steeds nog nie Uitvoerende Raad het nie", *Die Volksblad*, 7 Januarie.

1997a. "Ivy verras deur ou LUR'e te behou", *Die Volksblad*, 9 Januarie.

1997b. "Tweedrag in VS se ANC vlam weer op", *Die Volksblad*, 20 Januarie.

1997c. "Dr Ivy dalk ook afgedwing as leier van ANC in VS", *Die Volksblad*, 21 Januarie.

1997d. "Stryd om ANC-leierskap is nog oop", *Die Volksblad*, 24 Januarie.

1997e. "Wetgewer steun Lekota se benoeming as voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies", *Die Volksblad*, 5 Februarie.

1997f. "Ivy, Dingani verbind hulle tot goeie leierskap", *Die Volksblad*, 18 Februarie.

1997g. "Ivy is glo 'gyselaar' in VS politiek", *Die Volksblad*, 13 Desember.

1998. "Omstrede brief is geplant", *Die Volksblad*, 14 Maart.

Nieman N en Sapa 1996. "ANC se besluit in stryd met hof se beslissing", *Die Volksblad*, 14 Desember.

Nieman N en Versluis J-M 1996, *Die Volksblad*, 17 Desember.

Seepe J 1996. "Free State on edge", *The New Nation*, 29 November.

Seller J 1996. "Resolution of sorts", *Sowetan*, 20 November.

Smith C 1996. "Lekota VS mense se keuse, sê aansoeker om interdik", *Die Volksblad*, 17 Desember.

Sparks A 2003. *Beyond the miracle. Inside the New South Africa*. Johannesburg: Jonathan Ball.

*The Cape Times* 1996. "Not in the spirit of the constitution", 21 November.

*Sunday Times* 2009. "Dr Ivy Matsepe Casaburri 1937-2009. A Tribute", 12 April.

Van Vuuren DJ, Wiehahn NT, Rhoodie NJ *et al*. 1991. *South Africa in the nineties. Pretoria:* HSRC Publishers.

Versluis JM 1996. "Lekota distansieer hom van optog", *Die Volksblad*, 20 November.

Waldmeir P 1994. *Anatomy of a miracle*. London: Penguin.